Verwysing: 20201102-9221
Lêerno: 12/2/8/12
12/2/8/16
12/2/8/40
Navrae: LB Shasha
IM Swartz

Finansiëlerekeningkundeminuut: 0005/2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste, Kringbestuurders, Prinsipale, Superintendente van koshuise, en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en koshuise (met uitsondering van onderwyskolleges)

Onderwerp: Indien van aansoekvorms om subsidies vir koshuislosies vir 2021 teen 30 November 2020

1. Aansoeke om subsidies vir koshuislosies, privaat losies of privaat vervoer vir leerders is in die verlede nie volgens wetgewing betyds ingedien nie, wat aanleiding gegee het tot vertragings in oordragbetalings in plaas van die subsidies.

2. Prinsipale word versoek om toe te sien dat alle leerders ingelig is oor die aansoekproses om subsidies, om leiding aan ouers met die aansoekproses te gee en te verseker dat subsidie-aansoekvorms reg en akkuraat ingevul word soos per Omsendbrief 0143/1998 van 06 November 1998 (sien asseblief Bylae A).

3. Alle voltooide aansoeke vir 2021 moet saam met die nodige ondersteunende dokumente deur die prinsipaal goedgekeur en deur die kringbestuurder aanbeveel word, indien daar aan al die vereistes voldoen is.

4. Voltooide aansoeke vir 2021 met ondersteunende dokumente wat deur die kringbestuurder aanbeveel is, moet die Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde teen **30 November 2020** vir goedkeuring bereik.

5. Die voorskot wat binne die eerste week van die eerste kwartaal aan koshuise betaalbaar is, sal beloop op slegs 80% van die subsidiebedrag waarvoor leerders in aanmerking kom, gebaseer op die voltooide aansoeke (wat betyds ontvang is) vir die 2021-skooljaar wat onderworpe was aan die middeletoets soos per Inrigtingsbestuur en -beheerbeplanningsminuut: 0001/2018 van 09 Maart 2018 (sien asseblief Bylae B).

6. Onvolledige aansoeke en/of aansoeke met onvoldoende ondersteunende dokumente sal nie verwerk word nie en sal na die betrokke distrik of skool teruggestuur word saam met 'n verduideliking van die tekortkominge. Die Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde moedig prinsipale en kringbestuurders aan om die indien van onvolledige aansoeke en/of aansoeke met onvoldoende ondersteunende dokumente te vermy aangesien dit die nie-uitbetaling van subsidiebetalings tot gevolg sal hê.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2020-11-11